

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 131 9 Maart 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Die Bybel in ons lewe

‘n Saak wat voortdurend in my denke na vore kom, is eintlik ‘n vraag. Die vraag is: Watter gesag dra die Bybelse boodskap in ons lewe vandag? Dit is ‘n onbetwisbare feit dat die Bybel, as die Woord van God, al minder gesag in die lewe van die postmoderne teologiese filosofieë en gevolglik postmoderne mens dra. Uitsprake soos byvoorbeeld dat God se Woord net menslike nadenke oor God is of ‘n metafoor is, is algemene kennis. Die gevolg van hierdie liberalistiese benadering in die teologie en die skynbare aanvaarbaarheid wat dit vir baie kerke het, het direk aanleiding gegee tot ‘n humanistiese lewens- en wêreldbeskouing waar die mens en die gelykheid van mense die klem ontvang het. Dit het aanleiding gegee daartoe dat skuld nie voor God bely is nie, maar teenoor mense. Prof Irvin Gottesman, ‘n kliniese sielkundige in die VSA, het in sy boek: “Classical and Molecular Genetic Research on General Cognitive Ability” breedvoerig uitgewerk hoe dat daar ‘n verskeidenheid in die diereryk bestaan, waar die een soort nie ‘n afdruk van ander is nie. So is ‘n vark, ‘n leeu en ‘n olifant almal deel van die diereryk, maar verskil in totaliteit ten opsigte van

voorkoms, intellektuele vermoëns, gewoontes ensovoorts van mekaar.

Maar tog, het die liberalistiese teologie deur verlei te word deur die liberalistiese “menseregte” gesanik, die gesag van die Skrif ondergeskik gestel aan die mens-eerste filosofie, waar die mens ‘n stukkie van God in hom het en daarom eintlik self God word. Daarom moet ons hier en nou die ewige paradys laat aanbreek en moet ons aanvaar dat Christus Jesus maar net ‘n Joodse profeet was wat voorbeeldig gelewe het en wie se vleis deur die honde opgevreet is.

Dit weet almal egter reeds. Die vraag wat my opreg bekommerd maak, is egter of ons as gelowiges (en veral almal wat die gesag van die Skrif as norm en maatstaf wil handhaaf) nie onself ook dikwels skuldig maak aan selektiewe omgaan met die inhoud van die Skrif nie. As ons die Bybel erken as norm en maatstaf vir ons ganse menslike bestaan, moet ons die Skrif ook toelaat om gesag uit te oefen oor elke oomblik van ons lewe en oor alles waarmee ons ons in ons daaglikse besig hou. Of dit op geestelike of liggaamlike gebied is.

Om ‘n voorbeeld te noem: Ons aanvaar dat God, soos Hy in Sy Woord vereis, gesag het oor die huwelik, die verbintenis ensovoorts. So aanvaar ons dat God die huwelik ingestel

het en dat Hy die huwelik uit die verbintenisse van een man en een vrou wil. Daarom veroordeel ons byvoorbeeld die sonde van buite-egtelike verhoudings en homoseksuele verbintenisse. Dit is myns insiens heeltemal tereg. Die humanistiese filosofie maak van die huwelik 'n bysaak. Selfs op die platteland kan ek talle voorbeelde uitwys waar paartjies gewoon saamwoon en selfs kinders verwek, en dan behoort hulle aan een van die sogenaamde susterskerke.

Ons is dus oortuig dat ons vasstaan by die beginsel dat die Bybel vir ons die enigste maatstaf ten opsigte van die huwelik is. Maar, wanneer ons oor die politiek debatteer, dan moet die Skrif swyg, want dit bring net onmin. Is politieke filosofieë dan so verhewe dat dit liever nie vanuit die Skrif bestudeer en gedebatteer mag word nie. Ek verstaan tot 'n mindere mate die rede vir hierdie sensitiwiteit, want dit bring gewoonlik onmin. Die vraag is egter of dit nie net onmin veroorsaak omdat ons dieselfde doen as die liberale teologie nie? Ons is nie bereid om ons denke te laat hervorm deur die sola Scriptura beginsel nie, maar sal eerder die Skrif uit die politieke debat uithou. Indien die Bybel die maatstaf ook in ons politieke benaderings was, sou die rommelstatus waarin ons Vaderland tans verkeer, nooit gewees het nie. God en Sy Woord was die norm wat die rigting aangedui het, maar daar is geluister na sogenaamde kommunistiese kamerade wat almal se ondergang soek. Is die pas afgelope regime nie juis die beste voorbeeld van God-loosheid nie? Waar is ons sogenaamde getuie teenoor die volk en die staat? Nee, ons swyg liever, want dan beland ons nie in die moeilikheid nie.

Waar lê die fout? Hoort die Bybelse uitsprake nie ook helder en duidelik in die mens se politieke oortuigings te geld as die enigste maatstaf nie? Na my mening is die enigste werkbare politieke bestel, 'n Teokrasie. Israel wou in die tyd van die Rigters al 'n koning hê en die konings wat die troon bestyg het, het die een na die ander die volk na verraderlike sinkretisme en ongehoorsaamheid aan God en Sy Wet verlei. Die Rigters wat die Here gestuur het was nie goed genoeg nie. Hulle wou soos die ander volkere ook 'n eie koning hê. God en Sy wil het skynbaar Sy gesag verloor. Ek sê dit met dien verstande dat God se gesag nooit kan verloor nie. Hy laat dit egter toe omdat Hy weet waarom Hy dit doen.

Eeue later het God finaal Sy Teokrasie gevestig. Nie deur 'n prins wat in 'n paleis gebore is en op die troon van die grote koning Dawid gesit het nie, maar deur 'n kindjie wat in 'n krip gebore is en aan 'n vloekhout gesterf het. Hy het egter ook opgestaan en na die hemel opgevaar om daar die hemelse Jerusalem te vestig, met die Teokrasie as regeringsvorm. Dit is die waarheid waarvoor geen gelowige kan verskil nie. As God se Teokrasie ook ons politieke benadering sou word, sal geen politieke verskille ons oortuig om selektief met die gesag van Sy Woord om te gaan en ons ook skuldig te maak aan teologiese liberalisme nie.

Redaksioneel 9 Maart 2018 – Ds Herman F Gothan

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

MAKWASBYEENKOMS

Die emeriti, hul gades en ander predikante van die GHG wat die jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiermyn

Hervormde kerk, Cullinan bygewoon het, was gul onthaal. Die rustige atmosfeer, die keurig gedekte tafels en die geurige kos het die regte atmosfeer geskep vir 'n heerlike kuier. Die Dorkas het groot moeite gedoen om almal tuis te laat voel. Almal se teenwoordigheid het luister aan die geleentheid verleen. Ons dank aan die Dorkas van Premiermyn en ons dank aan almal wat ons met hulle teenwoordigheid vergas het.



GRADEPLEGTIGHEID

Op Woensdag 7 Maart het Anke Eckard haar BA graad (met lof) aan die APA verwerf. Sy gaan hierdie jaar haar aandag toewy aan 'n honneursgraad. Baie geluk en sterkte met die studies!



KUIERAAND

Premiermyn Hervormde kerk (Cullinan) nooi u vriendelik uit na 'n aand saam met Ricus Nel. Die begaafde kunstenaar wat 13 instrumente bespeel, gaan op 10 Maart 2018 vanaf 19:00 daar optree. Kaartjies is net R130 per persoon. U kan kerrie en rys bestel @R35, vroeër kom, lekker saam eet en dan die vermaak geniet. **Daar is nog sitplek beskikbaar. Skakel nou!** Skakel met Alta 0826801252 of epos Yvette by zyvetto@gmail.com.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjevorms. Alle lootjie vorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjielyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831

auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



Riens Nel
10 Maart 2018
om 19:00

*Hervormde Kerk,
Cullinan*

H/v Zonderwater & R515
R130-00 per persoon
Kerrie & Rys R35-00
bestel vooraf by Alta
Besprekings:
Alta 082 682 1252



Majuba

Majubaberg!
So fier! So trots!
Duiwe skuil by jou in boom en rots.

Hoeveel kan jy ons vertel
van Boeremoed en Britse hel?
Vir twee dae het Colley geswyg –
en in die nag die berg bestyg.

Hul het die kruin bereik, dié Engelse skaar.
Gerus in die wete dat hul veilig was – onaantasbaar.

Min het geweet
van 'n man wat Stephanus Roos heet.
'n Man van durf, 'n man van daad;
hy het gedoen, nie net gepraat.

Hy moedig die burgers aan om te klim:
"God is met ons – die tyd raak min."
Versigtig, stil en waaksaam onder die Vaderhand
klim hul Majuba uit vir volk en dierbaar land.

Pandemonium bars onder die Engelse los
hulle vlug en struikel oor rots en bos.
Colley word in die kop geskiet
sonder kans om teenstand te bied.

Só neem die Boere Majuba in
deur moed en daad en Christensin.
God skenk die oorwinning – nóg 'n keer.
Bring aan Hom die dank en eer.

Magdaleen van der Schyff
10 Januarie 2015



Hervormde Kerk Roedtan

(Lid van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes)

Adres: H/V Bosman en Jacobstraat; Roedtan

Kontakbesonderhede:

Alta Jacobs 081 505 2051

Ds FNS Marais 082 747 4847

JAGKOMPETISIE 2018

Graag wil ons namens die Hervormde Kerk Roedtan aan u die geleentheid bied om deel te wees van u eie unieke jagkompetisie om fondse te genereer sonder om 'n sent uit te lê.

Ons voorsien al die kaartjies (boekies) sowel as die jag en jagpakket asook die omsien en akkommodasie van die jagters gedurende die jag.

OPSIE 1

Al wat u moet doen is om soveel as moontlik boekies ter waarde van R600-00 (R60/kaartjie) elk te verkoop. 50% van die inkomste is vir u sak terwyl die oorblywende 50% sowel as die teenblaadjies aan Gemeente Roedtan terugbesorg moet word voor of op 18 Mei 2018. U sal vind dat daar 11 kaartjies in 'n boekie is. Die addisionele kaartjie kan gratis aan die persoon wat die boekie verkoop gegee word, of as gemeente kan u besluit om die R60 deel te maak van u inkomste. Indien u dus byvoorbeeld 50 boekies verkoop sal die som soos volg lyk:

50 boekies @ R600/boekie = R30 000-00

R15 000 word oorbetaal aan Gemeente Roedtan en R15 000 is vir u inkomste.

Indien u sou besluit om die 11de kaartjie vir u inkomste te verkoop sal u wins R18 000-00 beloop.

OPSIE 2

Om 'n minimum van 50 boekies vooruit te betaal vir 'n bedrag van R10 000-00 en sodoende afslag te bewerk en op die manier vir u 'n groter wins te genereer. Die elfde kaartjie is nog steeds gratis en kan gebruik word vir bemarking / addisionele inkomste. Dit staan u vry om soveel pakkette as wat u wil, te neem.

In die geval sal die som soos volg lyk:

50 boekies @ R600/boekie = R30 000-00

Aangesien u die pakket vooraf betaal het (@R10 000) maak u R20 000-00 wins.

Indien u sou besluit om die 11de kaartjie vir u inkomste te verkoop sal u wins R23000-00 beloop.

Vir enige navrae kan Hardus de Beer gekontak word by 0823881215.

Met dank

Hervormde Kerk Roedtan.

Hervormde Gemeente Roedtan

BILTONG JAG

ter waarde van
R50 000

**Prys nie verhandelbaar of oordraagbaar nie!*



Beoordelaars trekking is finaal en op **10 Junie 2018**



AKKOMMODASIE - SELFBEDIENING:

- Lugreëling •verhitte swembad •braaigeriewe
- volledige kombuisgeriewe •vries- en yskas •ysmasjien
- DSTV •skoonmakers •gitse •oplasi & afslag van wild.
- Koelkamer geriewe - alles vir u gerief !!

Jaarpakket:

11-15 Julie 2018
Verblyf vir 10 persone vir
5 dae by Harlou Jagplaas
- Roedtan

- 1 x Blouwildebees
- 2 x Rooibokke
- 2 x Blesbokke
- 2 x Vlakvarke
- 1 x Rooihartebees

Koos per Kaartjie:
R60

DIE OORD PV3

KARNAVAL

STALLETJES:
KOS
PANNEKOEK
ROOMYS
POEDING
KOELDRANK
TEE EN KOFFIE

VERKOPE:
TUISNYWERHEID
PLAASSTAL
WIT OLIFANT
TOMBOLA
FOTO HOEKIE
VERSKEIDEHEID SPELETJES
VIR OUD EN JONK

♥♥♥♥♥♥♥♥

SATERDAG

14 APRIL 2018

9H00 TOT 14H00

KOM GENIET 'N FEESTELIKE OGGEND
SAAM BY ONS JAARLIKSE
FONDSINSAMELINGS KARNAVAL

♥♥♥♥ TEN BATE VAN ♥♥♥♥

INTELLEKTUELE GESTREMDE VOLWASSENES
IN 'N VEILIGE LANDELIKE OMGEWING.

♥♥♥♥♥♥♥♥

DIE OORD PV3 IS GELEE OP DIE
R513 HARTEBEESSPOORTDAM

GPS:

-25.702552, 27.852534
25°42'09.2"S 27°51'09.1"E

*
DIE OORD KAN GEKONTAK WORD:
(E) OORDPV3@IAFRICA.COM
(T) 012 253 0750/1/2
(W) WWW.OORDPV3.CO.ZA

*
TOEGANGSFOOI:
R20 PER MOTOR